# Lang arm van die gereg keer bedrieërs aan na 8 jaar voortvlugtend

**Tshwane, 31 Maart 2021** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) Edward Kieswetter, verwelkom die inhegtenisneming van twee gevonnisde BTW-bedrieërs wat gedink het dat hulle die gereg ontduik het deur van die aardbol af te verdwyn vir agt jaar.

'n Voormalige SARS-beampte, Rudi Willemse, en twee finansiële adviseurs, Hein Fourie en Abraham van Wyk, is op 30 Julie 2004 in die Klerksdorpse Magistraatshof tot drie jaar tronkstraf gevonnis op aanklagte van korrupsie en tot sewe jaar tronkstraf op aanklagte van bedrog. Die magistraat het beveel dat die vonnisse samelopend uitgedien word met elk van die beskuldigdes wat effektiewelik tot sewe jaar direkte tronkstraf gevonnis is.

Daar is aanvanklik sewe verdagtes gearresteer, insluitend drie SARS-beamptes. Die verhore is egter geskei nadat vier van die aangeklaagdes skuldig gepleit het, terwyl Willemse, Fourie en Van Wyk onskuldig gepleit het.

Die saak was met betrekking tot 'n terugbetaling vir 'n valse BTW-inset-eis ter waarde van R2.7 miljoen wat namens 'n entiteit genaamd Elandslaagte Mining ingedien is in Klerksdorp. Die eis is ingedien vir die beweerde aankoop van myntoerusting wat nooit plaasgevind het nie en die SARS-beamptes is omgekoop om die terugbetaling goed te keur.

Willemse, Fourie en Van Wyk het aansoek gedoen om verlof tot appèl teen hulle skuldbevindigings, wat toegestaan is. Die appèlproses het etlike jare geneem om gefinaliseer te word, maar in 2011 het die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria die drie bedrieërs se appèl van die hand gewys.

In 2013 het die Appèlhof in Bloemfontein ook die drie se appèl van die hand gewys. Instruksies is daarna uitgereik vir al drie die beskuldigdes om by Korrektiewe Dienste aan te meld om hul sewe-jaar vonnisse uit te dien. Al drie het versuim om aan te meld wat gelei het tot die uitreik van lasbriewe vir inhegtenisneming vir al drie.

Sedert 2013, was daar verskeie onsuksesvolle pogings om Willemse, Fourie en Van Wyk op te spoor. Dit het ingesluit die sirkulasie van al drie bedrieërs op die SAPD-stelsels. Dit is egter bevind dat een van die bedrieërs, Abraham van Wyk, intussen afgesterf het.

Die twee oorblywende bedrieërs, Rudi Willemse en Hein Fourie, is uiteindelik deur die Klerkdorpse polisie-nasporingseenheid opgespoor en gearresteer. Sewentien jaar na hul vonnisoplegging en na agt

jaar voortvlugtend, dien Willemse en Fourie uiteindelik hul sewe-jaar tronkstrafvonnisse uit by die Klerksdorpse Korrektiewe Dienste.

Kommissaris Kieswetter het gesê, "SARS is vasberade om seker te maak dat optrede deur ons personeel bo verdenking is en sal enige kriminele optrede deur SARS-werknemers en landsburgers, wat die fiskus probeer bedrieg uit uiters-nodige inkomste, beveg.  Die Suid-Afrikaanse publiek plaas enorme vertroue in SARS-werknemers om hul werk pligsgetrou en lojaal uit te voer, en die optrede van Mnr. Willemse het hierdie vertroue oortree".

Die inkomste-invordering deur SARS speel 'n lewensbelangrike rol in die bou van 'n bekwame regering wat openbare goedere lewer aan ons samelewing in geheel, veral die mees kwesbare groepe, en die aankoop van mediese leweransies gedurende die voortslepende Covid-19-pandemie.

Mnr. Kieswetter het bygevoeg dat SARS onlangs begin het met die aanstelling van mense met waardevolle vaardighede, om die organisasie se vermoë om inkomste-lekkasies te voorkom, 'n hupstoot te gee en om belasting- en doeane-misdrywe te voorkom.